AVCASA
Reg. Nr.: 87/02403/08

ASSOCIATION OF VETERINARY AND CROP ASSOCIATIONS OF SOUTH AFRICA
VERENIGING VAN DIEREGESONDHEIDS- EN PLANTBESKERMINGSVERENIGINGS VAN SUID-AFRIKA
Lanzerac, Constantia Square, Midrand, ✉ 1995, HALFWAY HOUSE 1685, SOUTH AFRICA
☎ 27 11 805-2000, 🖷 : 27 11 805-2222, Web 🗀 : www.avcasa.co.za

MEDIAVERKLARING

RAAK ONTSLAE VAN UITGEDIENDE PLAAGDODERS EN LEË PLAAGDODERHOUERS OP `N VERANTWOORDELIKE WYSE

16 JULIE 2014

BEGIN

Terwyl ons wag vir die goedkeuring van die industrie afvalbestuursplan, wil AVCASA graag vir boere raad gee oor die omgewingsverantwoordelike wegdoen van uitgediende plaagdoders en leë plastiek plaagdoderhouers met die ondersteuning van geregistreerde gevaarlike afval bestuursmaatskappye en aanbevole plastiekverwerkers

Boere benodig veilige en verantwoordelike tegnologie en metodologie om ontslae te raak van uitgediende plaagdoders en leë plastiek plaagdoderhouers. Dit geld veral vir produsente wat vrugte en groente vir uitvoer produseer omdat sertifiseringsagentskappe daarop aandring dat sulke afval verantwoordelike bestuur en vernietig word. Hierdie ou plaagdoders en leë plaagdoderhouers hou `n gevaar vir openbare gesondheid en die omgewing in en mag ook produsente se sertifisering in gedrang bring as dit nie verantwoordelik bestuur en vernietig word nie.

AVCASA het onlangs met geregistreerde gevaarlike afvalbestuursmaatskappye oor die wegdoen van uitgediende plaagdoders beraadslaag sowel as met `n aantal plastiekverwerkers vir die wegdoen van leë plastiek plaagdoderhouers.

Verwerking van leë plastiek plaagdoderhouers

Daar behoort geen rede te wees waarom produsente met leë plastiek plaagdoderhouers belas moet wees nie. Sulke houers moet drie keer met skoon water gespoel word en die spoelwater moet in spuittenks oorgegiet word. Dit laat die houers dan gereed om verwerk te word. Produsente mag sulke houers op die plaas berg en dan een van die aanbevole verwerkers kontak vir die wegdoen van die skoon houers. Sommige verwerkers kollekteer houers op plase terwyl ander verkies dat die houers by hul persele afgelaai word.

Die lys van aanbevole verwerkers is saam met riglyne vir die hantering en wegdoen van drie keer gespoelde houers is op **www.avcasa.co.za** beskikbaar. Produsente word aangeraai om van die AVCASA aanbevole verwerkers gebrui te maak omdat hulle voldoen aan regulatoriese vereistes en goeie diens lewer.

Leë plastiek plaagdoderhouers mag nie in afvalversamelplekke weggegooi word nie; dit mag ook nie op plase begrawe word of op enige ander plek weggegooi word nie. Houers mag nie op plase verbrand word nie omdat die hitte-energie van gewone vure onvoldoende is en dit giftige gasse produseer. Dit mag ook nie aan enige iemand verkoop of geskenk word om as houers vir enige voedsel of drank gebruik te word nie. Dit is lewensgevaarlik om sulke leë houers vir kos of drinkwater te gebruik.

Wegdoen van uitgediende plaagdoders

Uitgediende plaagdoders kan vernietig word deur drie van Suid-Afrka se grootste gevaarlike afvalbestuursmaatskappye. AVCASA het met aldrie onderhandel en hulle word op die webtuiste **www.avcasa.co.za** aangedui. Hierdie maatskappye het goeie diensrekords, beskik oor die nodige menslike hulpbronne, vaardighede, toerusting en infrastruktuur om hoogs gevaarlike afval soos uitgediende plaagdoders veilig te vernietig.

Produsente wat uitgediende plaagdoders wil laat vernietig moet moet een van die maatskappye vir kwotasies nader. Dit word van sulke persone vereis om 'n inventaris saam te stel waarin die handelsname, aktiewe bestanddele, tipes en toestand van houers, oorblywende massa of volume en produk veiligheidsdata-opgawes aangedui word alvorens kwotasies saamgestel kan word.

Uitgediende plaagdoders mag nie op plase begrawe word nie omdat dit 'n wesenlike gevaar vir die vergiftiging van grondwater inhou. Moet ook nie poog om dit te verbrand nie want uiters giftige gasse wat vrygestel word hou 'n groot gevaar vir mense, lewende hawe en die omgewing in.

AVCASA kan produsente die versekering gee dat as hulle die aanbevole maatskappye se dienste gebruik maak, hulle professionele diens kan verwag.

AVCASA is nie in 'n posisie om enige plastiekverwerker of afvalbestuursmaatskappy te akkrediteer of te sertifiseer nie; ons kan slegs hul bedrywighede onderskyf en hul dienste aanbeveel. Ons behou die reg voor om slegs daardie verwerkers en afvalbestuursmaatskappye wat aan die industrie se vereistes voldoen, aan te beveel as gevolg van die sensitiewe aard van hierdie bedrywighede.

Verwerkers en afvalbestuursmaatskappye wat ook hul dienste beskikbaar wil stel moet asseblief met Dr Verdoorn kontak maak via die kontakbesonderhede soos onder aangedui, vir verdere instruksies. AVCASA sal 'n volledige evaluering van die aansoeker se profiel doen om te verseker dat daar wel aan statutêre vereistes voldoen word en dat die aansoeker effektiewe en professionele diens aan die landbousektor kan lewer.

Vir verdere inligting kontak:

Mnr Tom Mabesa, AVCASA Uitvoerende Direkteur by 011 805 2000

of

AVCASA konsultant Dr Gerhard Verdoorn by 082 446 8946.

EINDIG